Groep Inkomstestaat

	Jaar geëindig 30 September 2002 R'm	2001 R'm
Inkomste	**6 512,3**	4 963,0
Bedryfswins voor waardevermindering	**513,1**	335,4
Waardevermindering	**(162,8)**	(149,4)
Bedryfswins voor uitsonderlike items	**350,3**	186,0
Uitsonderlike items	**(7,1)**	(7,0)
Bedryfswins na uitsonderlike items	**343,2**	179,0
Beleggingsinkomste	**70,1**	54,8
Finansieringskoste	**(92,9)**	(64,9)
Wins uit geassosieerde maatskappye	**0,3**	–
Netto wins voor belasting	**320,7**	168,9
Belasting	**(88,4)**	(26,8)
Netto wins na belasting	**232,3**	142,1
Toeskryfbaar aan minderheidsaandeelhouers	**(4,4)**	(2,2)
Netto wins vir die jaar	**227,9**	139,9
Aangepas vir uitsonderlike items	**7,1**	7,0
(Wins)/verlies met verkoop van bates	**(4,7)**	2,8
Wins met verkoop van beleggings	**(0,1)**	(0,3)
Permanente waardedaling in vaste bates	**7,9**	39,3
Na-aftrede mediese voorsiening teruggeskryf	**–**	(15,3)
Voorsiening vir versekering teruggeskryf	**–**	(18,0)
Klandisiewaarde afgeskryf	**4,0**	2,0
Lenings en beleggings teruggeskryf	**–**	(3,5)
Belasting effek op uitsonderlike items	**(1,4)**	(12,9)
Wesensverdienste	**233,6**	134,0
Aantal uitgereikte gewone aandele (miljoen)	**183,0**	183,0
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele (miljoen)	**180,4**	182,5
Wesensverdienste per gewone aandeel (sent)	**129,4**	73,4
Dividend per gewone aandeel (sent)	**29,5**	16,4

Segmentele Ontleding

	Jaar geëindig 30 September 2002 R'm	%	Jaar geëindig 30 September 2001 R'm	%
Segment inkomste				
Stapelvoedsels	**5 513,1**	**84,7%**	4 210,7	84,8%
Handelsmerkprodukte	**854,2**	**13,1%**	656,2	13,2%
Ongeallokeerd	**145,0**	**2,2%**	96,1	2,0%
	6 512,3	**100,0%**	4 963,0	100,0%
Segment resultate				
Stapelvoedsels	**247,1**	**70,5%**	158,4	85,2%
Handelsmerkprodukte	**122,8**	**35,1%**	68,7	36,9%
Ongeallokeerd	**(19,6)**	**(5,6%)**	(41,1)	(22,1%)
	350,3	**100,0%**	186,0	100,0%

Groep Balansstaat

	Op 30 September 2002 R'm	2001 R'm
Bates		
Vaste en ontasbare bates	**956,9**	708,5
Beleggings en lenings	**347,3**	407,1
Uitgestelde belasting	**14,0**	5,6
Nie-bedryfsbates	**1 318,2**	1 121,2
Bedryfsbates	**2 036,3**	1 225,4
Voorraad	**1 062,8**	563,2
Debiteure	**791.9**	502,5
Kontant en korttermynbeleggings	**181.6**	159,7
Totale bates	**3 354,5**	2 346,6
Ekwiteit en verpligtinge		
Kapitaal en reserwes	**1 658,9**	1 441,0
Minderheidsbelang	**12,8**	6,2
Nie-bedryfslaste	**362,9**	365,4
Langtermynverpligtinge	**316,8**	303,7
Uitgestelde belasting	**46,1**	61,7
Bedryfslaste	**1 319,9**	534,0
Krediteure, voorsienings en aandeelhouers vir dividend	**847,2**	531,4
Oortrokke bank en korttermynlenings	**472,7**	2,6
Totale ekwiteit en verpligtinge	**3 354,5**	2 346,6

Groep Kontantvloeistaat

	Jaar geëindig 30 September 2002 R'm	2001 R'm
Kontantwins uit bedryfsaktiwiteite	**513,0**	368,6
Bedryfskapitaalveranderinge	**(233,8)**	(58,7)
Verskansingsreserwe verandering	**17,8**	–
Kontant voortgebring deur bedrywighede	**297,0**	309,9
Rente ontvang	**37,9**	26,5
Rente betaal	**(92,9)**	(65,0)
Dividende ontvang	**32,2**	28,3
Dividende betaal	**(34,6)**	(25,8)
Belasting betaal	**(42,4)**	(44,6)
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**197,2**	229,3
Netto kontantvloei van beleggingsaktiwiteite	**(364,4)**	(180,9)
Netto kontant (tekort)/surplus	**(167,2)**	48,4
Netto kontantvloei van finansieringsaktiwiteite	**(281,0)**	(33,4)
Netto (afname)/toename in kontant en kontant ekwivalente	**(448,2)**	15,0

Groep Staat van Veranderinge in Ekwiteit

	Jaar geëindig 30 September 2002 R'm	2001 R'm
Aandelekapitaal en -premie	**780,6**	780,6
Beginsaldo	**780,6**	791,8
Terugkoop van aandele	**–**	(11,2)
Nie-verdeelbare reserwes	**31,7**	7,0
Beginsaldo	**7,0**	3,5
Oordragte van/(na) verdeelbare reserwes	**0,2**	(1,3)
Omrekening van buitelandse valuta	**6,7**	4,8
Verskansingsreserwe	**17,8**	–
Verdeelbare reserwes	**846,6**	653,4
Beginsaldo	**653,4**	530,2
Verandering in rekeningkundige beleid	**–**	(8,0)
Netto wins	**227,9**	139,9
Dividend	**(34,5)**	(10,0)
Oordragte (na)/van nie-verdeelbare reserwes	**(0,2)**	1,3
Totale ekwiteit	**1 658,9**	1 441,0

Kommentaar en Vooruitsigte

Die goeie prestasie van die eerste ses maande is voortgesit en die resultate vir die volle jaar was uitstekend. Inkomste het met 31% tot R6,5 miljard en wesensverdienste met 75% tot R234 miljoen toegeneem. Hoewel baie bevredigend, is dit egter belangrik om daarop te let dat die buitengewoon hoë groeikoers vanaf 'n baie lae basis bereken is, na verlede jaar se daling in verdienste.

Die afgelope jaar is gekenmerk deur abnormale hoë voedselinflasie, voorafgegaan deur geweldige stygings in grondstofkoste. Veral die verswakking in die waarde van die Rand na die 11 September tragedie, het tot ongekende kostestygings in die voedselketting gelei. Die hoë voedselinflasie het 'n addisionele belegging van R234 miljoen in bedryfskapitaal tot gevolg gehad en netto kontant uit bedrywighede het met 4% gedaal tot R297 miljoen. Die hoër winste is dus tot 'n groot mate aangewend om die groter bedryfskapitaalbelegging, asook die gevolglike hoër rentekoste, te finansier. Hierdie groter belegging in bedryfskapitaal, tesame met die aankoop en inkorporering van S.A.D se skuld het gelei tot 'n verswakking in die Groep se verhouding van vreemde tot eie kapitaal na 37%. Kontantwins uit bedryfsaktiwiteite het R513 miljoen bedra en die direksie is tevrede dat hierdie sterk kontantvloei volhoubaar is en die hoër skuld sal kan diens.

Pioneer Foods se goeie prestasie die afgelope jaar is hoofsaaklik die gevolg van die Groep se vermoë om die hoër grondstofkoste tot 'n groot mate in die mark te verhaal, asook 'n beter verteenwoordiging van hoër marge produkte in die produkmandjie. 'n Inkomstebasis wat met 31% styg teenoor 'n vaste kostebasis wat met minder as die inflasiekoers styg, het verder tot 'n verbeterde bedryfswinsmarge bygedra. Veral die maal- en bakdivisie het 'n goeie verbetering in winsgewendheid getoon na verlede jaar se onbevredigende resultate. Die agri-divisie het egter swakker as die vorige jaar presteer, maar 'n matige verbetering in prysrealisasie is gedurende die laaste paar maande van die jaar ervaar. Beide hierdie divisies se prestasie in die komende jaar sal grootliks bepaal word deur die besighede se vermoë om realistiese winsmarges en voldoende volumes te handhaaf. Die hoë voedselinflasie sal na verwagting afplat in die loop van die nuwe jaar.

Kommentaar en Vooruitsigte (vervolg)

Bokomo Foods handhaaf steeds die goeie groeipatroon in verkoopsvolume en beide die ontbyt- en bevrore voedsel besighede het verbeterde resultate getoon. Die besigheid van Ceres Fruit Juices het uitstekend presteer en goeie groei in volumes in beide die plaaslike en oorsese markte is behaal. Die goeie winsprestasie van die handelsmerkbesighede sal na verwagting voortduur in die nuwe jaar.

Die verpakkingsdivisie, Craft Box Corrugated, het beter resultate behaal. Die divisie se verwagte groei in die vrugtekartonbedryf, asook verbeterde produksie-doeltreffendheid, behoort tot steeds beter resultate te lei.

Bokomo Uganda het goed presteer, terwyl die besigheid van Bokomo Zambië herposisioneer is om by die veranderende ekonomiese omstandighede in dié land aan te pas. Hoewel nog in 'n vestigingsfase, het die resultate van Bokomo Namibië nie aan die verwagtinge voldoen nie. Verbeterde resultate word van al drie die besighede in die nuwe jaar verwag.

S.A.D

Die aankoop van die S.A.D Groep in Augustus 2002 was die grootste transaksie sedert die vorming van Pioneer Foods in 1997. Vir die totale koopsom van R351,4 miljoen is gevestigde handelsmerke soos *Safari*, *Wellington's* en *Nature's Source* verkry. Die belegging ondersteun die Groep se visie om in veral handelsmerkbesighede uit te brei. 'n Verdere aantreklikheid van die belegging is die feit dat meer as 40% van S.A.D se inkomste in buitelandse valuta verdien word. Die totale inkorporering van S.A.D se besigheid as 'n divisie binne die Groep, sal 'n prioriteit in die nuwe jaar wees. Die bestuur van die ontbytvoedselaanleg, Nature's Source, is reeds na die ontbytvoedselbesigheid van Bokomo Foods oorgedra. Die resultate vir die eerste aantal maande het beramings oortref en 'n goeie bydrae tot Groep resultate word vanaf S.A.D in die nuwe jaar verwag.

Dividend

Op 25 September 2002 het aandeelhouers die konsolidasie van die Groep se aandele in 'n verhouding van 10:1 goedgekeur. 'n Finale dividend van 21,3 sent per aandeel, na konsolidasie, is verklaar. Die totale dividend vir die jaar beloop dus 29,5 sent per aandeel, oftewel R54 miljoen en verteenwoordig 'n styging van 80%. Die dividend is betaalbaar op 31 Januarie 2003 aan alle aandeelhouers soos geregistreer op 31 Desember 2002.

In opdrag van die direksie.

H E Blanckenberg
Voorsitter

W A Hanekom
Besturende Direkteur

Paarl, 27 November 2002

www.pnr.co.za

Die jaarverslag vir 2002 sal teen die einde van Januarie 2003 versprei word.